




# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 10 APRIL 2016**

*Toe sê Jesus vir hom: "Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo."* *Johannes 20: 29*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Makhatini-sending.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 gaan na die kinderoomblik na die Kinderkerk in die saal. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese om 10:30 in die saal. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Gr 11 vergader 18:00 by ds Danie.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

***SAAMKUIER NA DIENS:*** *Lekker filterkoffie en tee word weer na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer ken mekaar.*

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in die kerkgebou (ds Robert) en op Vleesbaai (dr Blaauw). *Ds Danie is by die Kinderkerk. Ds André het 'n afnaweek.*

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Middestad Evangelisasie Kaapstad.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos gewoonlik. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag om 15:00 in Santos 2 se sitkamer.
Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.

Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die kerksaal.
Woensdag om 18:30 selgroep by Bolandpark.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie te 17de Laan pastorie en om 19:00 Tienie Bothastr, huis van Annie van Zyl.
Donderdag om 09:00 Rietvlei en Vleesbaai Bybelstudie
Boekleesgroep om 19:00 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie. Die groepie bid sedert 2007 saam. Wil jy nie kom inskakel nie? Almal welkom.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 (ds Robert).

**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).

## BELANGRIKE INFO

**PERSKES VIR BOTSWANA UITREIK:** Daar is nog geskilde perskes vir R80 p/kg beskikbaar en ongeskilde perskes vir R60/kg. Dis ook in pakkies van 500g en 250g beskikbaar. Kry by die kerkkantoor of by ds Robert(buite kantoorure).

**DEURKOLLEKTE:** Spesiale offer vir Eljada Nasorg was R2 424-70.

**BAIE DANKIE:** Ons wil vir Marie en haar span helpers baie gelukwens met 'n wonderlike "Paasfees met Blomme" wat hulle vir ons aangebied het. Ons sal hierdie Paasfees baie lank onthou! Baie dankie vir julle harde werk en toewyding in diens van die Here!

**TIENERS:** Onthou Sondagaand van 18:00-20:00 in die gat onder die verhoog in die kerksaal. Daar is al 'n mooi klompie tieners wat heerlik saamkuier. Kom gerus en bring 'n maat as jy wil!

**OESMAAND KOSKAS:** APRIL is Streek A se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of u kerkraadslid afgegee word. Navrae Joey (073 2988 142).

**BRANDWACHT:** Hou gemeentefees op 15-17 April 2016.

***Bankbesonderhede:***

*Dankoffers:*
*Absa Mosselbaai, 207 058 0031*
*Geloofsoffers:*
*Absa Mosselbaai, 207 016 7886*

**PAASFEES MET BLOMME:** Aan almal wat meegehelp het om die Paasfees met blomme so 'n groot sukses te maak, sê ons baie dankie. Baie dankie vir voorbidding, donasies, vervoer, fisiese hulp in die saal en teetuin. Dankie ook vir elkeen se teenwoordigheid en insette. Veral wil ons ons Hemelse Vader dank vir sy leiding, seën en genade.

Daar is 'n DVD beskikbaar van die Paasfees met blomme @ R20. Die opbrengs is ten bate van die Botswana uitreik. Plaas asb u bestellings by die kerkkantoor.



**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Rika Stander JB Mullerstr

**STERFTES:** Broer van Pierre Wepener 16de Laan, pa van Kobus Swanepoel Hudsonstr, suster van Ria Meyer Santos Haven.



# GEBEDSBULLETIN

### *Tema vir April: Herlewing in ons dorp en land*

Herlewing beteken nie net die redding van ongelowiges nie, maar dat gelowiges in 'n nuwe, konsekwente gehoorsaamheid aan die Here leef. Charles Spurgeon: *"A Bible that falls apart usually belongs to someone who is not."*

**Dank die Here hierdie week vir:**

* Die verskillende maniere waarop Hy ons voed (geestelik, emosioneel, liggaamlik). Lees Ps 111:5.
* Sy sorg vir ons as individue - tsv talle negatiewe tendense in ons land.
* 'n Baie geseënde paasnaweek en die Paasfees met blomme.
* Geseënde dankfees op Vleesbaai.

**Bid hierdie week vir:**

* Makhathini. In 1928 het eerw. Josua Joubert vanaf Mosambiek na Makhathini gekom en die evangelie aan groot getalle Zoeloes gebring. Kweekskoolstudente van die Universiteit Stellenbosch speel in 1971 'n beduidende rol met die stigting van 'n NG Kerk in Afrika-gemeente in die Makhathini (later die VGK Makhathini). Die gemeente bestaan tans uit sowat 650 lidmate en 220 Sondagskoolleerlinge met 22 bedieningspunte. Bid vir di. Dalisu Kunene en Louwrens van der Westhuizen, ev. Joseph Gumede, die kinderevangelis en geestelike werkers.
* Herlewing in die dorp - dat gelowiges daagliks so sal leef dat ongelowiges sal vra na dié geloof.
* Die Karoo Mighty men byeenkoms die einde April - dat mense die Here sal ontmoet.
* Die paar duisend jongmense wat die #Imagine naweek bygewoon het. Bid dat hulle 'n verskil in hulle skole en vriendekring sal maak.
* Ons land en sy mense (die gebeure rondom pres Zuma). Bid dat ons politieke leiers 'n persoonlike ontmoeting mat die Here sal hê.
* Die armes - meer as 1,3 miljard mense wêreldwyd moet leef van minder as R12 per dag; die helfte van die wêreldbevolking met R20 per dag. Hulle is dikwels Bybelloos en heeltemal te arm om selfs 'n Bybel te besit. Bid vandag dat Bybels beskikbaar gemaak sal word vir die armste van arm mense in 'n taalformaat wat hulle kan lees, luister of sien.

